# Balju lê beslag op bates van meer as R40m van Tswaing Munisipaliteit en konstruksie maatskappy

**Tshwane, 27 Augustus 2021** – Die balju het beslaggelê op bates van die Tswaing plaaslike munisipaliteit in die Noord-Wes provinsie, na aanleiding van belastingskuld van R30 miljoen verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS).

Die plaaslike munisipaliteit, wat die dorpe van Delareyville, Sanieshof en Ottosdal insluit, het belastingopgawes ingedien maar versuim om die werknemersbelasting (LBS), vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH) en werkloosheidversekeringsfonds (WVF) aan SARS oor te betaal.

Die versuim het belastingskuld van R30 miljoen tot gevolg gebring.

Privaat maatskappye, regeringsdepartemente en ander werkgewers is wetlik vereis om hierdie belastings by hul werknemers af te trek en dit aan SARS oor te betaal.

In nog 'n aangeleentheid, het die balju beslaggelê op bates van 'n konstruksie maatskappy, Independant Minds 107 (Edms) Bpk., nadat dit LBS, WVF en SDL opgawes ingedien het sonder om die gelde oor te betaal. Die bedrag deur die maatskappy verskuldig beloop nagenoeg R10 miljoen.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het diep kommer uitgespreek oor sodanige opsetlike nienakoming. "SARS word met geen ander keuse gelaat as om regstappe te neem teen sodanige nienakomende belastingpligtiges nie," het hy gesê.

Hierdie stappe is ingevolge die organisasie se strategiese oogmerke, om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf sodat hulle hul wetlike verpligtinge kan nakom en terselfdertyd dit moeilik en duur maak vir belastingpligtiges wat nie hul verpligtinge nakom nie.

"SARS is ten volle toegewyd om die kultuur wat posgevat het, waarin leierskap van maatskappye opgawes indien maar betalings weerhou, hok te slaan. Hierdie soort optrede ontneem die fiskus van inkomste wat daaraan verskuldig is en dit is onregverdig teenoor nakomende belastingpligtiges."

Hy het afgesluit deur by te voeg dat "SARS sy blik op hierdie gebruik toespits en diegene wat daaraan deel het kan vir seker weet dat ons nie ander pad sal kyk nie, ongeag van die betrokke maatskappy. Hoewel SARS skakeling oor betalingsreëlings steeds verwelkom, sal hulle sonder aansien des persoons optree teenoor weerbarstige belastingpligtiges. Hierdie is 'n waarskuwing aan almal wat 'n pad van nienakoming kies."

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.